Sprokiesverhaal in Durban

Barry Tolmay *is 'n tentmaker-leraar van die NG Gemeente Krantzkloof in Durban. Hy is 'n sakeman en voorsitter van die Durbanse Metropoolbediening.*
Hennie Combrink (sakeman) *is 'n dagbestuurslid van die Durban-Metropoolbediening met die portefeulje Getuienis en Gemeenskapsbediening.*

'N Sprokiesverhaal van samewerking is besig om in die middestad van Durban te ontvou.

'n Ouderling en sakeman, dr Hennie Combrink, het 'n bediening, *Moriah,* met sy eie finansiering begin. Die fokus was die armstes van die armes, in 'n omgewing waar daar 'n massa onwettige immigrante, baie nood en groot uitdagings was. Oor die afgelope 12 jaar het hierdie bediening onafhanklik van die NG Kerk se formele strukture ontwikkel.

Terselfdertyd het die NG Gemeente Durban, wat in 1913 gestig is, ná 1994 begin kwyn, soos met die meeste middestadgemeentes gebeur. Die sosio-ekonomiese werklikhede het lidmate oor die bulte na die voorstede gedryf. Teen 2004 het nog net sowat 100 lidmate by dié gemeente ingeskakel.

Ds Samuel Blom het soos 'n wakker krieketspeler die 10de paaltjie vir die NG Kerk in stand gehou. Met sy Swaeltjieprojek kon die kerkdeure oop bly. Maar teen 2009 het slegs 20 lidmate nog gereeld eredienste bygewoon. Gelukkig het oom Samuel die mooi ou kerkgebou in die middestad as nasionale gedenkwaardigheid laat verklaar en pragtige verbeterings is aangebring.

Jesus het ons egter nie geroep om net nasionale monumente in stand te hou nie. Die nood van die stad het die NG Kerk se Metropoolbediening in Durban aan die hart gegryp. Ná maande se onderhandelings, is die gebou in 'n eiendomstrust geplaas en kon die Afrikaanse bediening saam met ander bedieninge daar voortgaan. Waar die kerkgebou tevore skaars meer as 'n uur per week gebruik is, het alles nou radikaal verander.

Kerkgebou heeldag in gebruik

Die kerkgebou word Sondagoggende om 08:00 oopgesluit en Sondagaande eers om 21:30 toegesluit, nadat heeldag kerk gehou is.

Die kerkgebou huisves nou vier bedienings:

- **Durban-gemeente**
  Hulle word in kombinasie met die Berea-gemeente deur ds Johan Venter en kapelaan Desmond Ras bedien. Bywoning het in dié tyd van 20 na 50 per Sondag verbeter.
- **Moriah Christian Church**
  Moriah is 'n gereformeerde Christengemeente en aanvaar die NG Kerk as hulle moederkerk. Dr Hennie Combrink, twee pastore John Nkonyoni en Timothy Tupia, en evangelis Okeli bedien die gemeente.

  Hulle het 'n sterk gemeenskapsbetrokkenheid by die plasing van nuwe vlugtelinge in gemeenskappe waar hulle tuis voel.

  Die gemeente fokus op vlugtelinge uit Sentraal-Afrika (Rwanda/Burundi/Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) – Kivu-streek). Eredienste is in Engels/Kirundi/Swahili/Frans na gelang van die omstandighede.

  Hulle benut die kerkgebou van 12:00 tot 15:00 op 'n Sondag. Daar is ook 'n gevestigde vrouebediening op Maandae, beradersbediening op Woensdae en 'n jeug- en kinderbediening op Vrydae.

  Hulle bedien ongeveer 500 mense per week met kerkbesoek van ongeveer 80 mense op 'n Sondag.

  Hulle werk tans nou saam met Indus Bible College om pastore op te lei wat teruggestuur kan word na Afrika. Moriah het reeds gemeentes in Zambië, Tanzanië en Burundi gevestig. Adrian Bhati, Albert Ndajezi en Poul en Evette Basongo doen groot werk in hierdie lande.
- **His Hands Ministries (HHM)**
  HHM was vroeër 'n losstaande sendingbediening in die middestad van Durban.

  Saam met Leon van Assenderp het hulle in 2010 'n volledige gemeente by die kerkgebou van die NG Gemeente Durban geplant.

  HHM is 'n multikulturele gemeente wat primêr onder die swakstes van die swakkes werk. Hulle fokus is op straatwerkers, straatkinders en boemelaars.

  Hulle bedien ongeveer 80 mense vanaf 10:30 tot 12:00 op 'n Sondag en 150 mense op 'n Woensdagaand.

  HHM het ook 'n gevangenisbediening en 'n aktiewe bediening onder dwelmverslaafdes.
- **Missionary Congregation Centre (MCC)**
  MCC is die vierde gemeente wat die kerkgebou van die Durban-gemeente gebruik. Die gemeente word deur Hennie en pastoor Augi hanteer, met 'n hulpgroep van ongeveer 12 mense. Hulle raak die harte van ongeveer 400 mense per week aan. Die Sondagbediening is van 18:00 tot 20:00 en gemiddeld 150 tot 200 mense woon die erediens by.

  Die gemeente het hoofsaaklik 'n pinksterstyl. Hulle bedien vlugtelinge uit die DRK se Kinshasa-area en die plaaslike swart bevolking. Op Dinsdae en Donderdae het hulle 'n spesiale pastoraatbediening.

Op dié manier word nou ongeveer 1 200 mense per week vanuit die Durban-gemeente bedien, met waarskynlik nog 'n verdere 400 wat in verwante bedieninge deur die week bedien word.

Ons gebruik nou die middestad as 'n sentrale plek om almal binne die grense van die metropool te bedien. Die vorige eksklusiewe bedienings het verander na een wat alle mense insluit. Ekumenies werk ons met alle Christelike kerke saam.

Bid dat ons nie hierdie Goddelike geleentheid sal verspeel nie!